

# Dag 3

# Die Lelike Eendjie

Daar was eens 'n ma-eend.

Sy het eiers in haar nes gehad.

Een vir een broei die eiers uit.

Die een eendjie lyk nie soos die ander nie.

Hy was lelik.

Die ander eende het hom geterg omdat hy lelik was.

Hy was baie hartseer.

Daar het tyd verloop en die seisoene het verander.


Op 'n dag sien die lelike eendjie 'n pragtige swaan in die dam swem.

Dit was sy refleksie!

Die lelike eendjie was glad nie 'n eendjie nie.

Hy was 'n swaan.

Daarom het hy so anders gelyk!





(c) www.myklaskamer.co.za

# Meervoude met lang vokale.

'n Meervoud is wanneer ons wil aandui
daar is meer as een van iets is, bv. skaap = skape.


Die (skape) wei in die veld.



Reël: Meervoude met lang vokale.

→ As die vokaal lank is val een vokaal weg
en 'n -e word bygevoeg


**skaap = skape**



## Verander die woorde na die meervoud.

| | | | |
|---|---|---|---|
| plaas | plase | muur | mure |
| droom | drome | streep | strepe |
| peer | pere | spook | spoke |
| roos | rose | draak | drake |

Let op dat al die woorde 'n kort vokale klank het.




klinkers = vokale


(c) www.muklaskamer.co.za (2020)

Vir die pret

# 20 MEERVOUDE : LANG KLANKE



## DWARS

2. boom bome
5. aap ape
6. boot bote
8. peer pere
11. haas hase
12. vaas vase
14. veer vere
16. graaf grawe
17. roos rose
20. daad dade
21. oor ore
22. toon tone

## AF

1. jaar jare
2. been bene
3. muur mure
4. soom some
7. een ene
9. naam name
10. week weke
13. stoof stowe
14. vuur vure
15. kreef krewe
18. saad sade
19. hoop hope

# Tydvorme.

## Ons kry 3 verskillende tydvorme:



1. Vandag → Teenwoordige Tyd
2. Gister → Verlede Tyd
3. Môre → Toekomende Tyd

Bestudeer die voorbeeld.

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
| --- | --- | --- |
| Die seun draf in die park. | Die seun het in die park gedraf. | Die seun sal in die park draf. |

Dui die tydvorm van elke sin aan.

1. Die dief het die geld gesteel.

| | | |
| --- | --- | --- |
| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |

2. Die nors man lees die koerant.

| | | |
| --- | --- | --- |
| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |

3. Oupa sal die struike snoei.

| | | |
| --- | --- | --- |
| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |

4. Mamma het 'n nuwe rok vir kerk gekoop.

| | | |
| --- | --- | --- |
| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |



(c) www.mykłaskamer.co.za (2020)

# Tydvorme - Toekomende tyd

Skryf die sinne in die toekomende tyd sonder die gebruik van 'n raamwerk, bv. Jan sal die bal geskop.

1. Die graad 3-klas hou 'n koekverkoping.

Die graad 3-klas sal 'n koekverkoping hou.

2. Juffrou Nel is baie kwaad vir die stout seuns.

Juffrou Nel sal baie kwaad vir die stout seuns wees.

3. Bertus en Santie speel sokker in die parkie.

Bertus en Santie sal sokker in die parkie speel.

4. Ek help vir Oupa om die nuwe sade te plant.

Ek sal vir Oupa help om die nuwe sade te plant.

5. Ek is opgewonde oor die nuwe skool.

Ek sal opgewonde oor die nuwe skool wees.



(c) www.myklaskamer.co.za (2020)